



Geagte ouers

RUGBYBRAAI - KLUB 600

Klub 600 is Affies se amptelike rugbyondersteunersklub. Enige ouer, Oud-Affie of belangstellende rugbyondersteuner mag lid word. Die enigste vereiste is dat u Affie- rugby ondersteun. Selfs indien u kind nie rugby speel nie, is u welkom om aan te sluit. Ons het tans 450 ingeskrewe lede en wil die ledetal graag uitbrei onder huidige Affie-ouers, maar wil veral ons nuwe graad 8-ouers betrek.

Klub 600 het ten doel om rugby op alle vlakke by die skool te bevorder, behoeftige rugbyspelers te help, die ondersteuners van rugby saam te snoer deur middel van funksies en gesellighede, geriewe by die skool op te gradeer, mediese kostes te help betaal en in die algemeen bystand aan alle rugbyspanne te lewer.

*Ons **2019-RUGBYBRAAI** vind op Vrydag 1 Maart 2019 vanaf 18:00 by die klubhuis, wes van die A-rugbyveld, plaas.*

- *Die koste van die funksie beloop R140.00 per persoon vir die ete (braaipakkie, bykos, slaai en nagereg).*
- *Worsbroodjies teen R40.00 elk, wat ook bykosse en nagereg insluit, sal beskikbaar wees vir kinders.*
- *Klub 600 maak vuur u **bring slegs u eie eetgerei.***
- ***'n Kontantkroeg is beskikbaar. Geen eie drank word toegelaat nie, aangesien die klubhuis 'n gelisensieërde perseel is.***
- *Die hele gesin is welkom.*

Die 0/14- rugbyafrigters en voorsitter van Klub 600 sal elk 'n spreukbeurt hê, waarna die graad 8-ouers die geleentheid het om die bestuurspan te ontmoet. Dit is die ideale geleentheid vir nuwelingte om Affie-vriende te maak. Alle formaliteite sal voor 20:00 afgehandel wees. Gedurende die funksie sal ons ook nuwe lede inskryf, ondersteunerskleredrag verkoop, jaarprogramme uitdeel en algemene inligting beskikbaar stel. Kaartfasiliteite is beskikbaar.

Kaartjies vir die funksie is by Noline Fourie of Millies Mulder beskikbaar. Noline kan gekontak word by 012 3443805 of klub600@affies.co.za tydens skoolure. Millies se kontakbesonderhede is 082 498 6570 of 012 3443805 of millies.mulder@affies.co.za

Ons het weer vanjaar 'n bedrywige program met baie tuiswedstryde. Ons sien uit na 'n groot jaar en almal uit om by ons aan te sluit en deel te word van die Klub 600-gemeenskap.

Vriendelike Klub 600 groete

DEWALD KLOPPERS

VOORSITTER